

Dit is duidelik dat die meeste kandidate goed voorberei was vir die vraestel, alhoewel sommige kandidate leemtes in hul kennis getoon het. Dit is moontlik omdat daar 'n keuse van vrae tot hul beskikking is. Kandidate moet aangemoedig word om die hele sillabus te bestudeer.

ONDERWERPE

- ELEKTRISITEIT EN ELEKTRONE IN ATOME

Kandidate het nie die nodige kennis of geweet wat 'n "ideale" transformator is nie. Baie het (verkeerdelik) gedink dat 'n transformator werk met gelykstroom en dat die sagte ysterkern stroom dra tussen die primêre en sekondêre spoel. Baie het nie geweet dat 'n gelamineerde ysterkern nodig is om 'n transformator te laat werk nie. Die verskil tussen 'n stap-op-transformator en 'n stap-af-transformator en die gebruik daarvan, moet aandag kry.

- GOLWE EN LIG

Elektromagnetiese golwe, hulle oorsprong en voortbeweging deur ruimte is nie goed beantwoord nie. Die frekwensie van 'n klankgolf is as kHz gegee. Baie kandidate het nie geweet waarvoor "k" staan nie. Enkelspleet diffraksie is relatief goed beantwoord, maar baie kandidate het probleme gehad met die terminologie rondom 'n golfdiagram en beweging van punte op 'n golf.

- ATOOMSTRUKTUUR, BINDING EN INTERMOLEKULêRE KRAGTE

Hierdie afdeling is goed beantwoord hoewel sommige Afrikaanse kandidate kalsium gelees het as kalium.

- ENERGIE EN EKWILIBRIUM

Alhoewel hulle die terminologie geken het, het leerders nie die betekenis van terme soos "aktiveringsenergie" en "eksotermiese reaksies" geken nie.

Aandag moet geskenk word aan die energie vrygestel en geabsorbeer wanneer bindings gevorm word en gebreek word. Kandidate kon nie onderskei tussen voorwaartse en terugwaartse reaksie van 'n ewewigsreaksie nie.

- ELEKTROCHEMIE EN REDOKSREAKSIES

Hierdie afdeling het die kandidate duidelik verdeel in diegene wat die onderwerp geken en verstaan het en die wat dit nie geken en verstaan het nie.

- EIENSKAPPE VAN ELEMENTE EN ORGANIESE CHEMIE

Omdat daar 'n keuse tussen vrae is, blyk dit kandidate nie hierdie (die laaste) vraag gedoen het nie. Die kandidate wat dit wel beantwoord het, het goed gedoen. Hulle het egter probleme ondervind om die reagentie en produkte in die addisiereaksie in vraag 8.5 te benoem.